PLAASWERKER VAN DIE JAAR-KOMPETISIE 2014

Hiermee nooi die Bestuur van Breërivier/Wynland Landelike Ontwikkelingsvereniging, in samewerking met Langeberg Munisipaliteit al die produsente en plaaswerkers in Langeberg Munisipale gebied om deel te neem aan die Wes-Kaap Plaaswerker van die Jaar-kompetisie.

BENOEMINGS

Produsente, medeplaaswerkers of plaaskomitees kan deelnemers benoem.
Let wel: Wie kwalifiseer om benoem te word? Enige persoon wat op 'n plaas werksaam is.

KATEGORIEË:

Middelbestuur

Junior Bestuur / Voorman

Algemene Werker

Administratiewe Personeel

Besproeiingspesialis

Tegniese Operateur

Trekkerdrywer

Diereproduksie

Sosiale Ontwikkeling

Let wel:
Persone wat verlede jaar ingeskryf is, kan weer ingeskryf word, maar wenners kan slegs in 'n hoër kategorie ingeskryf word.

Die Bestuur behou die reg voor om 'n kategorie te onttrek indien daar nie genoeg inskrywings is nie. **'n Kategorie sal slegs deelname aan die kompetisie regverdig indien 'n minimum van vyf (5) inskrywings vir daardie kategorie ontvang word.** Ons probeer werklik om dit so inklusief moontlik te hou, maar ons moet ook na die beskikbare fondse kyk, aangesien elke kategorie se pryse en trofeë 'n aansienlike bedrag beloop. **Onthou, een persoon per kategorie per plaas kan ingeskryf word**. Dit beteken dat u moontlik 'n interne uitdun sal moet hou.

WES-KAAPSE PLAASWERKER VAN DIE JAAR KOMPETISIE: 2014

HANDLEIDING

Die kompetisie het ontstaan om erkenning te gee aan die waardevolle en belangrike bydrae wat die plaaswerker tot die volhoubaarheid en groei van die landbousektor in Suid-Afrika lewer.

Die visie van die Wes-Kaapse Departement van Landbou is om die kompetisie eers provinsiaal en daarna nasionaal aan te bied.

1. Agtergrond

Die kompetisie is in 2002 in die Hexvallei, met Sanlam se finansiële ondersteuning, deur die Hexvallei Tafeldruifvereniging geïnisieer. In 2005 het die Wes-Kaapse Departement van Landbou as medeborg tot die kompetisie toegetree en is die kompetisie geregistreer. Die kompetisie het gegroei van 36 inskrywings in die Hexvallei in 2002 tot die deelname van 15 streke in 2013 met 921 inskrywings. Shoprite het in 2012 die kompetisie finansieël begin ondersteun en is tesame met die Wes-Kaapse Departement van Landbou mede-borge van die kompetsie.

2. Kategorieë

Algemene Werker
Administratiewe Personeel
Tegniese Operateur
Besproeiingspesialis
Trekker Drywer

Diere Produksie

Sosiale Ontwikkeling
Junior Bestuur
Middelbestuur

Let wel: In elke kategorie word 'n wenner, naaswenner en tweede naaswenner aangewys. (Sien ook beskrywing van elke kategorie op bladsy 5.)

3. Benoemings

Alle plaaswerkers mag deelneem. 'n Plaaswerker is enige persoon wat deel vorm van en 'n bydrae tot die boerdery lewer. Die werkgewer, die bestuur/plaaskomitee of mede-werknemers kan persone vir die kompetisie benoem.

4. Inskrywings

Elke inskrywing moet deur 'n **volledige posbeskrywing** van die plaaswerker vergesel word. Persone wat die vorige jaar ingeskryf is, kan weer ingeskryf word. 'n Wenner in 'n spesifieke kategorie mag nie weer die volgende jaar in dieselfde kategorie deelneem nie, maar wel in 'n hoër kategorie. 'n Wenner in 'n hoër kategorie (Middel/Senior Bestuur) mag eers na drie jaar weer deelneem.

Maak asseblief seker dat die korrekte name en spelling (soos dit op die sertifikaat aangebring moet word) op die nominasievorm aangebring word.

Dui asseblief op die benoemingsvorm aan of 'n Tolk benodig word.

Nominasies moet vir Madelain Van der Berg vòòr of op 28 Junie 2013 bereik.

Per Hand: *Enige Langeberg Munisipale kantoor (Ashton, Bonnievale, McGregor, Montagu, Robertson)*

Per Faks: *023 626 2426*

Per e-pos *mvdberg@langeberg.gov.za*

Benoemingsvorm kan op aanvraag elektronies voorsien word.

Geen inskrywingsgeld is betaalbaar nie.

5. Motivering

'n Kort motivering vir die benoeming moet op die aangehegte vorm geskryf word. Wees asseblief duidelik oor watter rol die benoemde vervul, sodat daar nie onsekerheid is oor vir watter kategorie hy/sy genomineer is nie.

Dit moet die volgende insluit: *Posbeskrywing; Profiel; Kan die benoemde as 'n ambasseur van u plaas / Langebergstreek beskou word, ens*

6. Beoordeling

'n Paneel van beoordelaars word saamgestel uit kundiges oor die kategorieë waarvoor inskrywings ontvang is. Daar sal voorsiening gemaak word vir 'n tolk, indien dit so aangedui is op die benoemingsvorm.

Die beoordeling sal in die vorm van 'n onderhoud (± 10 minute) geskied, waartydens tegniese, sowel as algemene vrae deur die paneel aan die deelnemers gestel word. In die gevalle van Junior- en Middel Bestuur, neem die onderhoude ± 15 minute.

Vrae aan die deelnemer in ’n onderhoud

Vrae kan opgestel word oor onderwerpe in ’n landboukonteks, soos gesondheid (VIGS, FAS, TB, ens.), swart bemagtiging, kommunikasie, transformasie, toekomsvisie, voedselveiligheid, arbeidswetgewing, opleiding (geletterdheid), produktiwiteit, ens.

7. Erkenning (Trofeë/Prysgeld)

Elke deelnemer ontvang ’n Deelnemer-sertifikaat.

Plaaswerker van die Jaar (streek)

- R1 700 prysgeld
- Klemraam sertifikaat
- ‘n Trofee
- Shoprite geskenkbewys, en
- Dring deur na die finale beoordeling

Wenner (1 ste per kategorie)

- R1 500
- Klemraam sertifikaat
- ‘n Skild trofee
- Shoprite geskenkbewys

Naaswenner (2de plek per kategorie)

- R900
- Klemraam sertifikaat
- Shoprite geskenkbewys

Tweede Naaswenner (3de plek per kategorie)

- R700
- Klemraam sertifikaat
- Shoprite geskenkbewys

Beste Potensiaal

- Klemraam sertifikaat
- ‘n Skild trofee
- Shoprite geskenkbewys, en
- Dring deur na die finale beoordeling

8. Funksie

Die aankondiging van die wenners word by 'n besonder stylvolle funksie gedoen. Wes-Kaap Departement van Landbou dra die volgende by vir die funksie (BTW ingesluit):

- 0 – 30 deelnemers: R20 000 + R2 000 (admin)
- 31 – 70 deelnemers: R25 000 + R2 000 (admin)
- 70+ deelnemers: R30 000 + R2 000 (admin)

Daar word dus gepoog om die Streeksfunksie binne hierdie bedrag te reël, of die bedrag waarmee dit oorskry word, borge te werf.

Ander borge word toegelaat en mag hulle eie banier(e) adverteer. Borge wat nie met die Hoofborge kompeteer nie, word toegelaat.

9. Provinsiale Kompetisie

Deelnemers:

- Alle kategoriewenners (1ste plek per kategorie);
- beste potensiaal nominasies; en
- streekswenners.

Elke kategoriewenner ontvang:

- R3 000 prysgeld;
- 'n geraamde sertifikaat; en
- 'n trofee.

Beste Potensiaal wenner ontvang:

- R10 000 prysgeld;
- 'n geraamde sertifikaat; en
- 'n trofee.

Algehele wenner (Wes-Kaapse Plaaswerker van die Jaar) ontvang:

- R20 000 prysgeld;
- 'n geraamde sertifikaat;
- 'n trofee;
- 'n studiekursus geborg deur die Universiteit van Stellenbosch ter waarde van R20 000; en
- 'n buitelandse studietoer geborg deur die Departement van Landbou: Wes-Kaap ter waarde van R50 000

Die algehele wenner word ook 'n lid van Minister Gerrit van Rensburg se Prestige Plaaswerker Forum. Hierdie forum vergader kwartaaliks met Minister om verskeie plaaswerker aangeleenthede te bespreek.

10. BESKRYWING VAN ELKE KATEGORIE

Algemene Werker

'n Persoon wat alle take op grondvlak kan verrig.

Administratiewe Personeel

Dit kan insluit iemand wat:

- 'n kantoor voltyds beman
- kantooradministrasie doen
- 'n laaibrug hanteer
- 'n voorraadkamer hanteer
- 'n pakstoor hanteer

Tegniese Operateur

Dit is 'n spesialis wat 'n tegniese funksie het.

Dit kan insluit:

- plaagbestrydingsbeampte
- boordmonitor
- kelderwerker
- werktuigkundige

Besproeiingspesialis

Dit is 'n persoon wat verantwoordelik is vir alle besproeiingsaktiwiteite, per hand of per rekenaar.

Trekkerdrywer

Dit is 'n persoon wat die trekker op die landerye bestuur.

Diereproduksie

Dit is 'n persoon wat verantwoordelik is vir die versorging van klein- en grootvee.

Sosiale Ontwikkeling

Dit is 'n persoon wat betrokke is by die sosiale ontwikkeling van plaaswerkers en hulle families.

Dit kan insluit:

- créche werker
- gesondheidswerker
- na-sorg fasiliteerder
- gemeenskapswerker

Junior Bestuur/Voorman

Die persoon is direk betrokke by produksie en hou toesig oor / oorsien 'n span werkers. Hy/Sy is verantwoordelik vir:

- maksimum weeklikse beplanning
- daaglikse administrasie

bv. spanleier, toesighouer

Rapporteer aan die Middel Bestuurder.

Middelbestuur

Die persoon rapporteer aan die Senior Bestuurder en het die volgende verantwoordelikhede:

- finansieel
- hantering van toesighouers
- maandbeplanning
- bestuur
- tegnies

Beste Potensiaal

Elke streek nomineer een persoon vir hierdie kategorie, om tydens die finale beoordeling deel te neem. Hierdie is 'n persoon vanuit 'n **nie-bestuurs kategorie** (wenner of nie); wat oor die potensiaal beskik om moontlik in die toekoms 'n Provinsiale wenner te word, met die nodige ontwikkeling.

Belangrike datums om te onthou:

- Sluiting van nominasies: 30 Junie 2014
- Beoordeling: 6 Augustus 2014 (tentatief)
- Streeksfunksie: 4 September 2014
- Provinsiale beoordeling: 9 Oktober 2014
- Wes-Kaapse Plaaswerker van die Jaar Gala Dinee: Sal bevestig word

BENOEMINGSVORM
WES-KAAP PLAASWERKER VAN DIE JAAR 2014

Moet kantoor by faksnommer 023 626 2426

of e-pos mvdberg@langeberg.gov.za bereik voor 30 Junie 2014

Kategorie:_____

Naam van benoemde:_____

Naam van Plaas:_____

Kontaknommer:_____ Aantal diensjare op plaas:_____

Kwalifikasies:_____

Motivering vir benoeming:
Heg asseblief 'n aparte posbeskrywing aan

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Benoem deur:_____

Adres:_____

Kontaknommer: _____

Faks nommer:_____

e-pos adres:_____